

**VERSLAG AAN DIE 2015 ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE SA BOERPERD  
TELERSGENOOTSKAP.**

**PORTEFULJE: SKOUE, MERIETES EN ERE-KLEURE – HELEEN POPE**

Met die inwerkingstelling van die nuwe elektroniese aanlyn skoustelsel was 2015 'n baie besige en uitdagende skoujaar! Die data, perde en Telers/Eienaars, van SA Stamboek af moes opgeneem word in die stelsel, telers/lede moes bygestaan word om die stelsel te kan gebruik en om vertrouwd te raak daarmee. Tot dusver het die oorgang vlot verloop en het 4 van die 6 2015 SA Boerperd skoue suksesvol afgeloop. Daar is nog sekere vereistes vir die stelsel wat ge-implimenteer moet word wat eie is aan die SA Boerperd skoue en ons is besig om daaraan te werk. Horse of the Year en WP Streek Kampioenskap skou word ge-organiseer deur buite skou organisasies en was die stelsel dus nie daar toegepas nie.

Vir die eerste keer is daar 'n alternatiewe stelsel wat data vanaf SA Stamboek(Logix) van perde wat skou verivieer. Data wat ontvang word van SA Stamboek wat in die stelsel gelaai word is nie alles op datum nie en dit kan grootendeels toegeskryf word aan Telers/Lede wat nie toegewyd hulle perde se status op datum hou nie. Oordragte, kastrasies, sterftes, geboortekennisgewings, DNS status en CEM sertifikate is in baie gevalle uitstaande en kan nie verwerk word nie. Lede word versoek om "per Kapita" inligting wat aan u deurgegee word deur te gaan en om die gegewens van perde reg te stel sodat data op Logix op datum gebring kan word. Tydens 'n vorige Raadsvergadering was daar genoem dat net 38% van lede die "per Kapita" lyste terugstuur kantoor toe met veranderdere statusse van perde ens.

Lede moet ook al hulle perde nagaan vir eienaarskap want in sommige gevalle is daar perde wat aan 'n lid behoort maar op 2 of 3 verskillende entiteite op Logix aangegee word. 'n Voorbeeld daarvan is dat eienaars se name verskillend gespel word of op 'n ander manier ingevoer word: Gouws Familie of Familie Gouws of P. Gouws of Mnr. P Gouws of Gouws P Mnr. Dit mag ook so wees dat eienaars nie konsikwent deur die data verwerkers by SA Stamboek ingevoer word nie of dat die eienaar se naam verskillend aangegee word op oodragseifikate. Dit bly die eienaar se plig om verkeerde gegewens reg te stel en om ook 'n perd wat verkoop word se oordrag sertifikaat self in te stuur kantoor toe. Eienaars van perde moet self hulle perde inskryf vir skoue en dit kan nie gedoen word as die perd nie aan 'n lid behoort nie want die perd gaan nie onder die lid se profiel verskyn op die stelsel nie.

Lede se samewerking sal hoog op prys gestel word om onnodige frustrasies met die stelsel vir uself te voorkom.

**Statistiek van 2015 SA Boerperd skoue:**

Horse of the Year – 178 inskrywings - 42 perde – 18 Telers/Eienaars

WP Streek Kampioenskap Skou - 132 inskrywings – 46 Perde - 25 Telers/Eienaars

Trans-Natal Streek Kampioenskap Skou – 591 Inskrywings - 132 Perde - 42 Telers/Eienaars

Vrystaat Streek Kampioenskap Skou - 304 Inskrywings – 64 Perde - 33 Telers/Eienaars

Gauteng Streek Kampioenskap Skou - 462 Inskrywings – 87 Perde - 33 Telers/Eienaars

Nasionale Kampioenskappe – 1042 Inskrywings – 214 Perde – 74 Telers/Eienaars

**Ere-Kleure:**

Die volgende Ruiters het in die verskillende dissiplines 26 punte binne 4 jaar bymekaar gemaak as Kampioene en Reserwe Kampioene tydens Streek Skoue sowel as by die Nasionale Kampioenskappe en ontvang dus SA Boerperd Ere-Kleure in 2015:

1. Surika Struwig – Ruiterkuns – 33 Punte
2. Surika Struwig – 3-Gang – 36 Punte
3. Shaun Willemsse – 3-Gang – 29 Punte
4. Kristen Joubert – 3-Gang – 29 Punte
5. Shannah Wray Mayne – 3-Gang – 40 Punte
6. Mia Joubert – Enkeltuig – 31 Punte
7. Mia Joubert – Dresseer – 36 Punte
8. Franze Janse van Rensburg – Skouspring – 28 Punte

Baie geluk met julle puik prestasies!

**Meriete toekennings:**

SA Boerperde kan punte verdien deur hulle volle skouloopbaan in Bouvorm en Ry- en Tuig Klasse. Die volgende perde waarvoor aansoek gedoen was deur die lede vir Meriete toekennings is as volg:

1. Maak 'n Plan Mielies – Maak 'n Plan Stoet – 126 Punte – Ry- en Tuig Klasse – Goud
2. Maak 'n Plan Sensasie – Maak 'n Plan Stoet – 46 Punte – Bouvorm – Brons
3. Maak 'n Plan Hugenoet – Maak 'n Plan Stoet – 64 Punte – Bouvorm – Silwer
4. Jurust Impi – Jursust Stoet – 27 Punte – Bouvorm – Brons
5. Jurust Impi – Jurust Stoet – 42 Punte – Ry Klasse – Brons
6. Calista Generaal – Hoefstraat SA Boerperd Stoet – 202 Punte – Ry Klasse – Platinum
7. Goudhoek Willem – Hoefstraat SA Boerperd Stoet – 225 Punte – Ry Klasse – Platinum
8. Calela Okapi – Calela Stoet – 78 Punte – Ry Klasse – Silwer
9. Calela Finalis – Calela Stoet – 52 Punte – Ry Klasse – Brons
10. Calela Opvolg – Calela Stoet – 82 Punte – Ry Klasse – Silwer
11. Calela Landman – Calela Stoet – 313.5 Punte – Ry Klasse – Diamant
12. Opstaan Once Again – Buka SA Boerperd Stoet – 107.5 Punte – Ry- en Tuig Klasse – Goud
13. Opstaan Rafel – Buka SA Boerperd Stoet – 88 Punte – Bouvorm – Silwer
14. Pivaanswaterval Tokkelos – Corli Bekker – 87 Punte – Ry Klasse – Silwer
15. Carel Hancke Joe Black – Kylin Stoet – 43 Punte – Bouvorm – Brons
16. Carel Hancke Joe Black – Kylin Stoet – 106 Punte – Ry- en Tuig Klasse – Goud
17. Carel Hancke Roebyn – Kylin Stoet – 55 Punte – Ry Klasse – Brons
18. Carel Hancke Donatello – Kylin Stoet – 31 Punte – Bouvorm – Brons

Welgedaan aan die eienaars van hierdie perde en reik vir die hoogste toekenning, die Diamant!!

'n Voorspoedige, suksesvolle en vrugtevolle nuwe skouseisoen in 2016 word u almal toegewens!